30. MALTREATMENT OF ANIMALS

No person may chase or tease or maltreat any animal found trespassing and / or seized for impoundment.

31. APPEALS

A person whose rights are affected by a decision of the Municipality in terms of any delegated powers, may appeal against such a decision in terms of Section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 of 2000), as amended, by giving written notice of the appeal against the decision and the reasons for the appeal to the Municipal Manager, within twenty-one (21) days of the date of the notification of the decision.

32. CONFLICT BETWEEN LEGISLATION

When any stipulation of this by-law, is in conflict with national and provincial legislation or regulations, the national and provincial legislation or regulations shall prevail.

33. SERVING OF NOTICES AND OTHER DOCUMENTS

- (1) A notice, instruction, letter of demand, or other document issued by the Municipality in terms of this by-law, is deemed to be duly issued when a duly delegated official of the Municipality has signed it.
- (2) Any notice, instruction, letter of demand, or other document that is served on a person in terms of this by-law, is regarded as having been duly and effectively served—

- (a) when it has been delivered to that person personally;
 - (b) when it has been left at that person's place of residence or business in the Republic of South Africa, with a person apparently older than sixteen years;
 - (c) when it has been posted by registered or certified mail to that person's last known residential or business address in the Republic of South Africa, and proof of the posting thereof is provided;
 - (d) if that person's address in the Republic of South Africa is unknown, when it has been served on that person's agent or representative in the Republic of South Africa, in a manner as provided in subsections 33(2)(a), 33(2)(b) or 33(2)(c) of this by-law;
 - (e) if that person's address and agent or representative in the country of South Africa is unknown, when it has been posted in a conspicuous place on the property or premises to which it relates; or
 - (f) in the event of a body corporate, when it has been delivered at the registered office or the business premises of the body corporate.
- (3) When any notice, instruction, letter of demand, or other document is served on a person in terms of this by-law, it is sufficient for purpose of the serving of the notice, instruction, letter of demand, or other document, to describe the person in the notice, instruction, letter of demand or other document, as the owner, occupier, or holder of the property or rights in question, and it is not a requirement to name that person.
- (4) A notice, instruction, letter of demand, or other document shall for purpose of authentication, be properly signed by the Municipality.

34. REPEAL OF BY-LAWS

- (1) The provisions of any by-laws previously promulgated by the Municipality, or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the Municipality, are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in this by-law.
- (2) The following by-law of the Theewaterskloof Municipality is hereby specifically repealed:

Date published	Name of by-law	As a whole or partially
PG 6234 dated 8 March 2005	By-law relating to the impoundment of animals	As a whole

35. SCHEDULES 1 AND 2 FORM PART OF THE BY-LAW

Schedules 1 and 2 of this by-law, form part of this by-law for all practical purposes.

36. SHORT TITLE

This by-law is called the Impoundment of Animals By-law of the Theewaterskloof Municipality.

37. OPERATIVE DATE

This by-law shall take effect on the date of publication.

SCHEDULE 1**Code of Good Practice on the Handling, Transportation and Care of Impounded Animals****PART I: Paddock requirements**

1. For purpose of this schedule kraal, paddock and cage have a similar meaning, and any reference to a kraal is also a reference to a paddock or a cage or similar structure, where animals can be kept.
2. Different species of animals shall be kept in separate paddocks.
3. Animals may not be penned in overcrowded paddocks, and the space provided in any paddock shall be sufficient to permit all animals to lie down at the same time and the space provided shall not be less than one point five (1.5) square meters floor area available for each animal.
4. Fractious animals may not be kept with other animals.
5. Young, weaned or juvenile animals, may not be penned together with adult animals in a paddock, except in the case of a mother and her offspring.
6. Provision shall be made in paddocks for—
 - (a) facilities such as racks, mangers or other suitable feed containers that are easy to clean, which shall allow the feeding of an animal off the floor, and which can be serviced without disturbing the animals;
 - (b) water troughs which can provided an adequate supply of suitable fresh water at all times;
 - (c) sufficient facilities for the adequate cleaning of paddocks; and
 - (d) facilities for the safe handling of animals.
7. (a) Paddocks shall at all times be maintained in a good state of repair.
 - (b) Sharp points of wire ends, broken boards, jagged ends and protruding hinges or bolts, which could cause injury to animals shall be removed or otherwise suitably covered.
8. The floor of each paddock, including the off-loading banks, races, and passages of the off-loading facility at a pound, shall be constructed in such a way as to provide for non-slip surfaces that can be efficiently and suitably cleaned, and kept dry and in a proper condition for the holding and / or handling of animals.

PART II: Handling of animals

9. Animals shall always be handled humanely, and with patience and tolerance
10. The following shall be kept in mind when handling animals—
 - (a) animals respond more readily to being driven, when the person driving them stands behind the animal, but within the field of vision of the animal; and
 - (b) animals in a herd respond more readily to being driven, than alone.
11. Animals may not be dragged by their legs, or be carried by their heads, ears or tails.
12. Young calves shall be carried if they cannot walk themselves with ease, by lifting the calf around the chest and hindquarters. Alternatively they shall be guided with one hand on the hindquarters and the other near the shoulder or neck, and be steered in the required direction at an appropriate and comfortable pace.
13. Only sticks with canvas or belting flaps may be used when driving animals, and it is preferable to strike the ground behind the animals, rather than to hit the animals themselves.
14. Electric prodders, sticks or goads may not be used on young animals.
15. Electric prodders may not be used excessively or indiscriminately or applied to the face, anal or genital areas of animals.

PART III: Movement of animals

16. Animals driven on the hoof shall always be under proper and competent supervision.
17. Animals shall be moved along in a calm manner, at a gait which is relaxed, comfortable and natural for such animal, and the gait shall never be faster than that of the slowest animal in the herd or flock.
18. Animals may not be driven continuously for periods in excess of ten (10) hours, without being given rest of at least one (1) hour. Sufficient and suitable fresh water shall be made available to all the animals during the drive.
19. No animal on the hoof may be moved in excess of the following distances—
 - (a) during a journey of not more than one day's duration—
 - (i) twenty (20) kilometers for sheep and goats; and
 - (ii) thirty (30) kilometers for cattle; and

- (b) during a journey of more than one day's duration—
 - (i) twenty (20) kilometres during the first day and fifteen (15) kilometres during each subsequent day for sheep and goats; and
 - (ii) twenty five (25) kilometres during the first day and twenty (20) kilometres during each subsequent day for cattle.
- 20. On reaching their night camp or final destination, animals shall immediately be watered and fed with sufficient food of a quality and of a type compatible with each species concerned.
- 21. Animals may not be moved in the dark.
- 22. No sick, injured or disabled animal may be moved on the hoof.

PART IV: Vehicles used in transporting animals

- 23. Vehicles and all trailers used in the transport of hooved animals shall be suitable for the transport of such animals and in a roadworthy condition.
- 24. All vehicles and trailers referred to in paragraph 23 shall have—
 - (a) a suitable non-slip floor, which may not impede the cleaning of the floor of the vehicle, and which may be fastened with hinged or removable battens or steel grids;
 - (b) adequate ventilation and light whilst in motion, as well as when stationary, and no vehicle shall be totally enclosed;
 - (c) adequate protection against exhaust fumes, as exposure to exhaust fumes could interfere with the respiration of animals or cause distress;
 - (d) sidewalls high enough to prevent animals from escaping or falling out of the vehicle, provided that the sides and / or partitions—
 - (i) the sides and partitions, when used in a vehicle to separate animals transported therein, shall be of a height not lower than the shoulder joint of the largest animal being transported;
 - (ii) in the case of cattle other than calves, the minimum height shall be one thousand eight hundred (1 800) millimeters; and
 - (iii) the minimum height shall be seven hundred and fifty (750) millimeters in the case of any smaller animals;
 - (e) in multi-tier vehicles, heights between decks shall be adequate, and in case of sheep and pigs not less than one thousand (1 000) millimeters, to enable the largest animals to stand naturally, freely and fully erect and to allow adequate space for free flow of air above the animals;
 - (f) floors that are solid and impervious;

- (g) openings for the loading and off-loading of animals at the rear of the vehicle that are the full width of the vehicle, or if at the side of a vehicles, with a width not less than two thousand four hundred (2 400) millimeters; and
 - (h) gates, with or without partitions—
 - (i) of a design and construction strong enough and suitable for the intended conveyance of the consignment of animals; and
 - (ii) that are able well-secured, and can open and close freely.
25. The amount of animals packed into any given space to be transported, shall be as such, to ensure the safety and comfort of the animals during transport, and the recommended floor space to be provided per animal is—
- (a) one point four (1.4) square meters surface area per large animal; and
 - (b) zero point five (0.5) square meters surface area per small animal.

PART V: Watering and feeding of live animals prior to loading

26. Animals shall be provided with sufficient and suitable food and fresh water until the commencement of the journey.

PART VI: Loading and off-loading procedures

27. The loading and off-loading of animals into or out of a vehicle shall be done as quietly and calmly as possible, with patience and tolerance, and without harassing, terrifying, bruising, and injuring the animals, or suffering and undue stress to the animals.
28. No animal may be loaded or off-loaded by lifting of the animal by the head, fleece, skin, ears, tails, horns or legs.
29. No animals may be loaded or off-loaded otherwise than—
- (a) by means of a ramp with a non-slip surface, sturdy enough to support the weight of the species of animals being handled, with side panels or bars adequate to prevent animals escaping or falling off the ramp and of an incline not steeper than twenty five (25) degrees; or
 - (b) at a loading bank equal to the height of the floor of the vehicle or, at off-loading, not more than three hundred and ten (310) millimeters below the level of the off-loading vehicle and with an incline not exceeding twenty five (25) degrees.

30. Where a vehicle is equipped with an onboard removable loading ramp it shall have a non-slip surface and be of such a sufficient length when lowered, that the inclination is not steeper than twenty five (25) degrees, with the distance from the ground to the heel of the ramp not exceeding one hundred and twenty (120) millimeters.
31. Loading ramps shall be correctly adjusted for each loading or off-loading, to the exact height of the floor of a vehicle.
32. Journeys must commence as soon as possible after the animals have been loaded and the animals shall be promptly off-loaded upon arrival at the destination.
33. Unless adequate provision has been made for the effective separation of different species of animals, different species of animals may not be loaded and transported in the same vehicle.
34. Animals of different ages, sizes and sexes may not be loaded and transported in the same vehicle, unless adequate provision has been made for the effective separation of such animals.
35. Adult horned cattle may not be transported with polled cattle and they shall always be penned separately.
36. When there is reason to believe that an animal is likely to give birth in the course of a planned journey, such an animal may not be loaded onto a vehicle to be transported.
37. In the case of an animal giving birth during transport, the necessary precautionary measures shall be implemented, to ensure the protection of the mother and offspring from being trampled or otherwise injured or harassed by other animals.
38. In the event of—
 - (a) a breakdown of the transport vehicle;
 - (b) an accident or collision in which the transport vehicle is involved; or
 - (c) injury to, or death of, any animal in transit,the cartage contractor shall immediately report the details to, and request assistance from—
 - (i) in the case of paragraph (a), a breakdown service;
 - (ii) in the case of paragraph (b), the South African Police Service and the involved traffic authorities; or
 - (iii) in the case of paragraph (c), a veterinarian surgeon. .

39. Where the transport of any animal may cause injury to itself or any other animal, such animal shall be restrained in such a manner, as to prevent any such injury.
40. No animals may be restraint for more than four (4) hours in any twenty four (24) hour period.
41. No wire or bailing twine may be used for tying the legs or feet of an animal.
42. To avoid strangulation or a neck-break, a slipknot may not be used where animals are secured to the vehicle by horns or neck, and the rope shall be attached to the vehicle at the level of the animal's knees so that in the event of the animal falling, the possibility of serious injury or death is reduced, with the rope being long enough to allow the animal to lie comfortably in a natural position with its head upright.

SCHEDULE 2
Pound register information

A pound register shall at least, contain the following information—

- (a) Name of the pound.
- (b) The date of receipt of the animal.
- (c) The number and description of animals impounded.
- (d) The brands or markings on animals.
- (e) The ear tag number assigned by the Pound Keeper to each animal impounded.
- (f) Name and address of person who seized the animal.
- (g) Name and address of the owner of the land where the animal was seized.
- (h) Name and address of owner of the animal.
- (i) The reason why the animal has been impounded.
- (j) Address or description of place where animal was found.
- (k) Distance between the place where the animal was seized and the pound.
- (l) Particulars of the damage caused by the animal.
- (m) Transport fees payable.
- (n) Details of the destruction or disposal of an animal.
- (o) Cause of death, theft of or injury to an impounded animal.
- (p) Description and amount of pound fees payable.
- (q) Damages awarded by the Court.
- (r) Date of release of an animal.
- (s) Date of sale of an animal.
- (t) Proceeds of the sale of an animal.
- (u) Name and address of purchaser of an animal.

- (v) Excess amount of the proceeds of the sale of an animal, if any, paid to the owner of the animal.
- (w) Receipt number of monies received.
- (x) Details of the court order, with regard to the future disposal of the animal concerned, if not sold at an auction.

MUNISIPALITEIT VAN THEEWATERSKLOOF
VERORDENING INSAKE DIE SKUT VAN DIERE

Kragtens artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verorden die Munisipale Raad van die Munisipaliteit van Theewaterskloof hiermee soos volg:

AANHEF

Die doel van die verordening is om—

- i) voorsiening te maak vir geriewe vir die huisvesting en versorging van diere wat afgedwaal het, los rondloop of verlore is; en
- ii) om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om die skut van diere te bestuur.

INHOUDSOPGAWE

1. Interpretasie
2. Vestiging van 'n skut
3. Skut van diere
4. Diere wat te wild, onbeheerbaar, beseer of boosaardig is om te skut
5. Vrylating van diere voor afvoering daarvan na 'n skut
6. Naaste skut of plek van veilige bewaring
7. Aanstelling van 'n Skutmeester
8. Inligting wat aan 'n Skutmeester verstrekk moet word
9. Aanvaarding van diere wat geskut moet word
10. Ontvangsbewyse vir diere wat geskut word
11. Die voorsiening van kampe en / of hokke in 'n skut
12. Afmaak van gevaarlike en beseerde diere of diere met aansteeklike siektes
13. Kennisgewings aan eienaars oor diere wat geskut is
14. Versorging van diere wat geskut is
15. Diere wat geskut word wat vrek of beseer raak of gesteel word
16. Verordening ter insae
17. Fooie, tariewe en kostes betaalbaar
18. Betalings
19. Verpligte skutregister
20. Insae in skutregister
21. Vrylating van diere wat geskut is
22. Verkoping van diere wat geskut is
23. Kennisgewing van verkoping
24. Diere wat nie verkoop kan word nie
25. Voorlegging van skutregisterinskrywings na verkoping van diere
26. Insae in skutregister tydens verkopings
27. Reëlins vir dienslewering
28. Vrywaring

29. Strafbepalings
30. Mishandeling van diere
31. Appèlle
32. Teenstrydighede met ander wetgewing
33. Bediening van kennisgewings en ander dokumente
34. Herroeping van verordeninge
35. Bylaes 1 en 2 vorm deel van die verordening
36. Kort titel
37. Inwerkingtreding

1. INTERPRETASIE

In hierdie verordening, geld die Engelse teks in die geval van enige teenstrydigheid met die Afrikaanse teks, en tensy dit uit die konteks anders aandui, beteken–

“aanhou”, die aksie om 'n dier wat rondloop of ronddwaal of oortree op eiendom, tydelik aan te hou, met die doel om te verhinder dat sodanige dier skade of enige verdere skade kan veroorsaak, 'n ongeluk kan veroorsaak, of 'n gevaar inhou vir eiendom of mense, of om sodanige dier te beskerm teen selfbesering of 'n noodlottige ongeluk, tot tyd en wyl sodanige dier aan die eienaar daarvan terug besorg kan word of daar verder met sodanige dier gehandel kan word;

“diensleweringsooreenkoms”, 'n diensleweringsooreenkoms soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig;

“bees”, 'n volwasse bul of koei, 'n os of tollie, of 'n vers of bulkalf;

“bok”, 'n volwasse ram of ooi, 'n kapater of hammel, of 'n boklam;

“dier”, wat die begrip **“diere”** insluit, enige perd, bees, donkie, muil, kameel, skaap, bok, vark, hoender of ander voël, pluimvee, volstruis, haas, konyn, hond, kat of ander huisdier of voël, of 'n wilde dier, wilde voël of reptiel wat in gevangenisskap verkeer of aangehou word of onder iemand se beheer is;

“eienaar”, met betrekking tot die eienaarskap van 'n dier, enige persoon wat wetlik besit het van of wat as agent van of met die instemming van die eienaar, wetlik belas is met die sorg, bewaring of beheer van 'n dier;

“eienaar van grond”, met betrekking tot die eienaarskap van enige grond, enige persoon, wat as eienaar, wettige huurder of okkupeerder 'n perseel of gedeelte grond bewoon, of gebruik en / of benut vir watter doeleindes ook al, of as agent namens die eienaar daarvoor beheer uitoefen;

“eiendom”, is:

- (a) onroerende eiendom geregistreer in die naam van 'n persoon, insluitend in die geval van 'n deeltitelskema, 'n deeltiteleenheid wat in die naam van 'n persoon geregistreer is;
- (b) 'n reg geregistreer teen onroerende eiendom in die naam van 'n persoon, met uitsluiting van 'n verbandlening wat teen die eiendom geregistreer is;
- (c) 'n grondbesitreg of grondbrief geregistreer in die naam van 'n persoon ingevolge wetgewing;
- (d) 'n openbare plek geregistreer in die naam van die Munisipaliteit van Theewaterskloof of enige ander staatsinstelling of -entiteit; of
- (e) openbare dienste infrastruktuur, wat insluit enige openbare pad;

“gemagtigde beampte”, 'n beampte, gemagtig ingevolge artikel 8 van die Wet op Dierebeskerming, 1962 (Wet No 71 van 1962), soos gewysig, of enige vredesbeampte gemagtig ingevolge artikel 334 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No 51 van 1977), soos gewysig of enige beampte van die Munisipaliteit van Theewaterskloof wat gemagtig is deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof om die bepalings van hierdie verordening af te dwing;

“grond”, enige perseel of eiendom of openbare plek binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

“grondeienaar”, met betrekking tot die eienaarskap van enige grond, enige persoon, wat as eienaar, wettige huurder of okkupeerder 'n perseel of gedeelte grond bewoon, of gebruik en / of benut vir watter doeleindes ook al, of as agent namens die eienaar daarvoor beheer uitoefen;

“hings”, 'n manlike perd, donkie of muil, wat nie gekastreer is nie of wat gedeeltelik gekastreer is;

“Hof”, 'n Landdroshof soos verwys na in subartikel 166(d) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, met jurisdiksie in die gebied waarbinne die skut geleë is;

“identifikasiemerk”, 'n voorgeskrewe merk op 'n dier, soos vereis deur die Wet op die Identifisering van Diere, 2002 (Wet No 6 van 2002), soos gewysig;

“mikroskyfie”, 'n elektroniese meganisme wat op 'n dier aangebring of aan 'n dier geheg is, waarop data oor die dier en / of die gegewens van die eienaar gestoor word;

“Munisipale Stelselwet”, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig;

“Munisipaliteit”, die Munisipaliteit van Theewaterskloof, wat insluit enige verwysing na behoorlike gemagtigde en / of aangestelde beamptes en / of diensverskaffers in terme van diensleweringsooreenkomste van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

“nuusblad”, wat insluit **“nuusblaaië”**, enige koerant wat as nuusblad geregistreer is;

“okkupeerder”, 'n persoon wat grond of 'n perseel okkupeer en beheer daarvoor het, wat insluit 'n bewoner van 'n perseel;

“openbare pad”, wat insluit enige munisipale straat of steeg of padreserve, of enige openbare pad, soos bedoel in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No 93 van 1996), soos gewysig;

“openbare plek”, enige perseel of eiendom of grond waartoe die publiek toegang het, wat insluit, maar nie beperk is tot, enige plein; gebou; park; ontspanningsgebied; sportgronde; oop ruimte; reservaat; munisipale straat of steeg of straatreserve; openbare pad; parkeerarea; munisipale meent; ongebruikte, gebruikte, beboude of onbeboude munisipale grond; of 'n begraaftplaas, waarvoor die Munisipaliteit van Theewaterskloof jurisdiksie het;

“perseel”, enige gedeelte grond, geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, waarvan die buitegrense afgebaken is op 'n algemene plan of diagram of deeltitelplan, en wat ingevolge die toepaslike wetgewing geregistreer is;

“perd”, 'n hings, merrie, reunperd, hingsvul, merrievul, manlike of vroulike donkie of muil;

“persoon”, vir doeleindes van hierdie verordening, 'n natuurlike persoon, 'n regspersoon, enige landbou, industriële of handelonderneming, of 'n staatsinstelling;

“plek van bewaring”, 'n plek anders as 'n skut, wat 'n omheinde en / of voorbereide area of kamp of struktuur is, wat deur die Theewaterskloof Munisipaliteit of 'n diensverskaffer verskaf en bedryf word, waar diere tydelik aangehou of gehou kan word, totdat sodanige diere vrygelaat word aan hulle eienaars of afgevoer word na 'n skut;

“pluimvee”, 'n hoender, gans, eend, kalkoen of makou, hetsy mak of wild;

“privaat grond”, alle grond wat nie in besit is van 'n staatsinstelling of 'n ander munisipaliteit of die Munisipaliteit van Theewaterskloof nie;

“publieke grond”, alle grond wat in besit is van 'n staatsinstelling of 'n ander munisipaliteit of die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

“skaap”, 'n volwasse ram of ooi, 'n hamel of 'n lam;

“skut”, enige omheinde fasiliteit bestaande uit een of meer geboue, strukture, hokke of kampe, wat deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof of 'n diensverskaffer, voorsien word vir gebruik as skut, en wat onder die beheer van 'n skutmeester of 'n diensverskaffer, ingevolge 'n diensleweringsooreenkoms met die Munisipaliteit van Theewaterskloof, funksioneer, en wat geskep is om afgedwaalde, verdwaalde, verlore of loslopende diere tydelik te huisves en te versorg;

“skut van diere”, die aksie om 'n dier te verwyder om geskut te word in 'n skut vir veilige bewaring, met die spesifieke oogmerk om: die bepalings van hierdie verordening toe te pas; om publieke oorlaste wat deur diere veroorsaak word aan te spreek; of om 'n aggressiewe, beseerde, onbeheerbare, gevaarlike of wilde dier, wat beserings aan ander diere en / of mense tot gevolg kan hê, of eiendom kan beskadig te verwyder na 'n plek van veilige bewaring; of om 'n dier waarvan die eienaar opgespoor of nie opgespoor kan word nie, uit 'n openbare pad na 'n plek van veilige bewaring te verwyder, voordat dit 'n ongeluk veroorsaak; of om 'n verdwaalde dier na 'n plek van veiligheid en versorging te bring, totdat sodanige dier se eienaar opgespoor kan word of sodanige dier vir voltydse versorging elders of by 'n nuwe eienaar geakkommodeer kan word;

“Skutmeester”, 'n persoon wat:

- (a) 'n deeltydse of permanente werknemer van die Munisipaliteit van Theewaterskloof is, en wie getaak en / of gemagtig is om die funksies en bevoegdhede van 'n skutmeester vervul; of
- (b) kragtens 'n diensleweringsooreenkoms met die Munisipaliteit van Theewaterskloof, aangestel is deur 'n diensverskaffer, om die funksies en bevoegdhede van 'n skutmeester te vervul;

“vark”, 'n beer of sog, of enige speenvark of enige troetelvark;

“veearts”, 'n persoon wat ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Veterinêre en Para-Veterinêre Beroepe, 1982 (Wet No 19 van 1982), soos gewysig, as sodanig gekwalifiseer is en as sulks praktiseer; en

“voël”, enige duif, pou, swaan, fisant, patrys, tarentaal, volstruis en enige ander mak of wilde voël wat in gevangenskap is of onder beheer van iemand is.

2. VESTIGING VAN 'N SKUT

- (1) Die Munisipaliteit mag 'n skut en enige plekke van bewaring, op enige gekose en gerieflike plek binne die regsgebied van die Munisipaliteit vestig soos benodig, met dien verstande dat die Munisipaliteit ook 'n diensleweringsooreenkoms mag aangaan met enige instelling of persoonsoos bedoel in artikel 76(b) van die Munisipale Stelselwet, ten einde vir die vestiging en bestuur van 'n skut en plekke van bewaring, wat die hele of gedeeltes van die regsgebied van die Munisipaliteit bedien, voorsiening te maak.
- (2) Die Munisipaliteit moet in ten minstens een (1) geregistreerde nuusblad wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit versprei word, kennis gee van die voorneme om 'n skut te vestig.

3. SKUT VAN DIERE

- (1) Enige eienaar van privaat eiendom, kan 'n dier wat ongemagtig op sy of haar eiendom is of rond dwaal, laat aanhou met die doel om dit te laat skut of na 'n plek van veilige bewaring te laat verwyder, met dien verstande dat alvorens sodanige diere verwyder mag word, daar aan die volgende vereistes voldoen moet word—
- (a) die eienaar van die eiendom waarop 'n dier oortree, mag sodanige dier aanhou, en wanneer 'n eiendomseienaar nie oor die hulpbronne of vermoë beskik om sodanige dier aan te hou nie, die Munisipaliteit versoek om te assisteer met die aanhou van sodanige dier, met dien verstande dat die dier nie na 'n skut afgevoer mag word, alvorens die persoon wat op die dier beslag gelê het om dit aan te hou, skriftelike kennis van minstens vier-en-twintig (24) uur, in gevalle waar die besonderhede van die eienaar van die dier bekend is of eienaarskap bepaal kan word deur middel van 'n identifikasiemerk en / of 'n mikro skyfie, aan die eienaar van die dier verskaf het om die dier te kom verwyder.
 - (b) Die eienaar van die eiendom waarop 'n dier oortree het, moet in die geval waar die eienaar van die dier onbekend is, 'n redelike poging aanwend om vas te stel wie die eienaar van die dier is, maar indien die eienaar van die dier onopspoorbaar bly, kan die eienaar van die eiendom of die Munisipaliteit die dier na 'n plek van veilige bewaring of 'n skut laat afvoer om geskut te word .
 - (c) Die eienaar van 'n dier wat aangehou word om geskut te word, mag met bewys van eienaarskap, verhoë rig tot die eienaar van die eiendom waarop die dier gevind was en wie op die dier beslag gelê het, vir die vrylating van die dier aldus aangehou.
 - (d) Die persoon wat die dier aanhou, mag die betrokke dier vrylaat, nadat oorweging verleen is aan die verhoë van die eienaar van die betrokke dier en nadat die toepaslike boetes in terme van die bepalings van hierdie verordening en die Verordening insake Openbare Oorlaste en Oorlaste wat Spruit uit die Aanhou van Diere van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, gehef en deur die eienaar van die betrokke dier betaal is, met dien verstande dat die eienaar van eiendom die reg het om by die Hof aansoek te doen vir skadevergoeding na aanleiding van die betrokke voorval.
 - (e) Indien die eienaar van die eiendom wat die betrokke dier aanhou, na die oorweging van die verhoë van die eienaar van die dier, die vrylating van 'n dier weier, moet die eienaar van die eiendom die betrokke dier binne 'n periode van agt-en-veertig (48) uur aan 'n gemagtigde beampte of die Skutmeester oorhandig, om na die skut af te voer, met dien verstande dat die gemagtigde beampte of die Skutmeester die dier slegs kan vrylaat indien sodanige vrylating aan die bepalings van artikel 5 van hierdie verordening voldoen.

- (f) Die eienaar van die eiendom sal geregtig wees om enige dispuut oor die skut van sodanige dier en / of eise vir skadevergoeding, binne die agt-en-veertig (48) uur periode na die Hof te verwys vir beslegting, in welke geval die Hof 'n bevel vir die skut van die betrokke dier mag uitreik, insluitend 'n koste- en skadevergoeding bevel wat die Hof as billik en regverdig beskou.
- (g) Die eienaar van die eiendom sal geregtig wees om enige dispuut oor die skut van sodanige dier en / of eise vir skadevergoeding, na die Hof te verwys vir beslegting, insluitend 'n koste- en skadevergoeding bevel wat die Hof as billik en regverdig beskou.
- (2) Enige persoon kan 'n gemagtigde beampte versoek om, of 'n gemagtigde beampte, kan self volgens sy of haar eie diskresie, 'n dier wat ongemagtig in of op 'n openbare plek of openbare pad is, of wei, of rondloop, en wat nie in die sorg van 'n persoon is nie, aankeer met die doel om dit aan te hou of te skut, wat ook al die geval mag wees.
- (3) Enige dier wat met of sonder toesig op 'n openbare pad, munisipale straat of padreserwe of steeg is of wei of rondloop, en 'n gevaar vir padverkeer en / of voertuie inhou, moet aangehou word met die doel om dit te skut, deur–
- (a) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie; of
 - (b) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag; of
 - (c) 'n lid van die Provinsiale Verkeer; of
 - (d) 'n lid van enige dierebeskermingsorganisasie; of
 - (e) 'n gemagtigde munisipale beampte.
- (4) Die eienaar van enige eiendom waardeur of waarlangs 'n openbare pad loop of wat aan sodanige openbare pad grens, mag indien 'n grondige rede daarvoor bestaan, 'n gemagtigde beampte versoek om enige dier wat met of sonder toesig op sodanige openbare pad aangrensend tot die betrokke eiendom rondloop of wei, te laat aanhou met die doel om dit te skut.
- (5) 'n Persoon wat 'n dier aanhou vir enige doel of met die doel om dit te laat skut, ingevolge sub-artikels 3(1), 3(2), 3(3) en 3(4) van hierdie verordening, mag nie die dier langer as ses (6) uur aanhou, sonder om dit van genoegsame voedsel en water te voorsien nie.
- (6) Enige persoon wat 'n dier aanhou met die doel om dit te skut, moet voldoen aan die bepalings van die Kode van Goeie Praktyk insake die Hantering en Vervoer van Geskutte Diere, soos vervat in Bylae 1 van hierdie verordening.

4. DIERE WAT TE WILD, ONBEHEERBAAR, BESEER OF BOOSAARDIG IS OM TE SKUT

- (1) Indien 'n veearts van mening is dat 'n dier wat ongemagtig op enige eiendom is, of op enige openbare pad of op 'n openbare plek is, wei of rondloop, te gevaarlik, wild, onbeheerbaar, beseer of boosaardig is om dit te kan skut, mag 'n veearts toestemming gee dat dit op menslike wyse van kant gemaak word, nadat skriftelike kennisgewing deur 'n gemagtigde beampte met verstrekking van redes op die eienaar van die dier bestel is, in die geval waar die besonderhede van sodanige eienaar bekend is en / of die eienaar opgespoor kan word deur middel van die identifikasiemerke op of 'n mikroskyfie aan die dier.
- (2) Indien dit onprakties of onmoontlik sal wees om die eienaar van die dier skriftelik kennisgewing te gee, mag 'n veearts toestemming gee, dat die betrokke dier op menslike wyse van kant gemaak word, en sal 'n mondelingse kennisgewing of 'n ander praktiese wyse van kennisgewing, as voldoende beskou word.
- (3) Indien daar 'n noodsituasie bestaan en dit onprakties of onmoontlik sal wees om die eienaar van die dier enige vorm van kennisgewing te gee, mag 'n veearts toestemming gee, dat die betrokke dier op menslike wyse van kant gemaak word, met dien verstande dat die eienaar van die betrokke dier so gou doenlik deur 'n gemagtigde beampte van die gebeurlikheid in kennis gestel word, met 'n opgaaf van redes vir die aksie geneem.

5. VRYLATING VAN DIERE VOOR DIE AFVOERING DAARVAN NA 'N SKUT

Enige gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, mag enige dier aldus aangehou deur sodanige beampte vir veilige bewaring of om geskut te word, vrylaat nadat die gemagtigde beampte, homself of haarself vergewis het, dat daar aan al die vereistes om sodanige dier vry te laat voldoen is, wat sal insluit, maar nie beperk is tot, die bevestigde eienaarskap van die betrokke dier, die evaluasie van die potensiele gevaar wat die dier mag inhou, die aanwesigheid van 'n wetlik vereiste identifikasiemerke op die dier, die veilige verwydering van die dier vanaf die area deur die eienaar van die dier, en of 'n oortredingkennisgewing en 'n afkoopboete aan die eienaar van die dier uitgereik was.

6. NAASTE SKUT OF PLEK VAN VEILIGE BEWARING

Enige persoon wie 'n dier ingevolge artikel 3 van hierdie verordening laat skut, kan sodanige diere na die naaste skut stuur of neem, of na enige sodanige ander skut of plek van veilige bewaring, wat deur die Munisipaliteit aangewys is.

7. AANSTELLING VAN SKUTMEESTER

Die Munisipaliteit moet in ooreenstemming met die aanstellingsbeleid van die instelling, 'n geskikte gekwalifiseerde en ervare persoon as Skutmeester aanstel.

8. INLIGTING WAT AAN 'n SKUTMEESTER VERSTREK MOET WORD

'n Persoon wat diere na 'n skut stuur of neem, moet die Skutmeester skriftelik van die volgende inligting voorsien—

- (a) die getal en beskrywing van die dier of diere wat geskut moet word;
- (b) die eiendom of grond waarop die dier of diere gevang was;
- (c) die afstand in kilometer, langs die kortste en mees praktiese padroete, tussen die plek waar die dier of diere gevang is en die skut;
- (d) in die geval van 'n dier of diere wat op privaat eiendom oortree het en aangehou was, bewys van die vereiste skriftelike kennisgewing van verwyderig gerig aan die eienaar van die diere betrokke, en ander prosesse soos voorsien in subartikel 3(1) van hierdie verordening, soos toepaslik;
- (e) in die geval waar die eienaar van 'n dier of diere wat op die privaat eiendom gevang was nie opgespoor kon word nie, 'n verklaring wat bevestig dat die identiteit van die eienaar van die dier of diere nie bekend is nie en dat die eienaar van die grond 'n redelike poging aangewend het om die eienaar van die dier of diere op te spoor; en
- (f) die toestand van die dier en omstandighede waaronder die dier geskut is.

9. AANVAARDING VAN DIERE WAT GESKUT MOET WORD

- (1) Dit is die plig van die Skutmeester om alle diere wat na die skut gebring word gedurende die ure wat deur die Munisipaliteit vasgestel is, onder die sorg van die Skutmeester te neem, onderhewig daaraan dat 'n dier wat ingevolge die bepalings van subartikel 3(1) van hierdie verordening aangehou is, slegs by die skut aanvaar sal word vir vir bewaring, indien daar aan die vereistes van subartikels 3(1)(a) tot 3(1)(f) van hierdie verordening voldoen is.
- (2) Indien die Skutmeester onredelik weier of versuim om 'n dier en / of diere te ontvang wat na 'n skut gebring word om geskut te word, is die Skutmeester skuldig aan 'n oortreding van die bepalings van hierdie verordening, en is die Skutmeester aanspreeklik vir alle skade wat die eienaar of eienaars van sodanige diere of enige ander persoon kan ly weens die weiering of versuim.

10. ONTVANGSBEWYSE VIR DIERE WAT GESKUT WORD

Die Skutmeester moet aan elke persoon wat 'n dier of diere onder die sorg van die Skutmeester laat, 'n geskrewe ontvangsbewys gee, waarin die getal en beskrywing van die diere uiteengesit word, asook die besonderhede van die persoon wat 'n dier of diere in die sorg van die Skutmeester laat.

11. DIE VOORSIENING VAN KAMPE EN / OF HOKKE IN 'n SKUT

Die Munisipaliteit moet vir doeleindes van 'n skut, afsonderlike kampe en / of hokke voorsien en in stand hou, wat deurlopend in 'n goeie toestand, en sover moontlik vry van alle besmetting sal wees, vir—

- (a) volstruise en perde;
- (b) beeste;
- (c) skape, bokke en varke;
- (d) honde;
- (e) katte; en
- (f) enige ander tipe dier, soos van tyd tot tyd bepaal,

met dien verstande dat die Munisipaliteit ten opsigte van enige skut in sy gebied, verloop aan die Skutmeester kan verleen om 'n kleiner aantal kampe of hokke, aldaar te voorsien en in stand te hou.

12. AFMAAK VAN GEVAARLIKE EN BESEERDE DIERE OF DIERE MET AANSTEEKLIKE SIEKTES

(1) 'n Skutmeester mag enige dier wat geskut is, wat aan 'n aansteeklike siekte ly of beseer is of in 'n baie swak fisiese kondisie is of wat moontlik gevaarlik vir mense of vir ander diere in die skut is, op 'n menslike wyse laat afmaak, met dien verstande dat geen sodanige dier afgemaak mag word nie, alvorens 'n veearts dit ondersoek het en met die Skutmeester ooreengekom het oor die noodsaaklikheid om die dier van kant te maak, aldan nie, en op voorwaarde dat alvorens 'n dier afgemaak word:

- (a) 'n skriftelike kennisgewing oor die voorgenome afmaak van die betrokke dier, met verstrekking van redes vir die beoogde aksies, op die eenaar van die dier bestel word, in die geval waar die besonderhede van sodanige eenaar bekend is en / of die eenaar opgespoor kan word deur middel van die identifikasiemerke op of 'n mikroskyfie aan die dier;
- (b) indien dit onprakties of onmoontlik is om die eenaar van die dier skriftelik kennisgewing te gee, sal 'n mondelingse kennisgewing of 'n ander praktiese wyse van kennisgewing, as voldoende beskou word; en

- (c) indien daar `n noodsituasie bestaan en dit onprakties of onmoontlik sal wees om die eienaar van `n dier enige vorm van kennisgewing te gee, mag `n veearts toestemming gee, dat die betrokke dier op menslike wyse van kant gemaak word, met dien verstande dat die eienaar van die betrokke dier so gou doenlik van die gebeurlikheid in kennis gestel word, met `n opgaaf van redes vir die aksie geneem.
- (2) Indien enige dier of diere wat aan `n aansteeklike siekte ly, soos bepaal ingevolge die Wet op Dieresiektes, 1984 (Act No. 35 van 1984), soos gewysig, na `n skut gebring word, of infekteer raak terwyl dit in `n skut is—
- (a) moet sodanige infekteerde dier of diere afsonderlik van ander diere aangehou word, solank dit nodig is, indien dit nie onmiddelik van kant gemaak word nie;
- (b) moet sodanige infekteerde dier of diere in isolasie weg van ander geskutte diere aangehou word en moet die teenwoordigheid van die geïnfekteerde dier of diere aan die naaste Staatsveearts rapporteer word; en
- (c) moet die eienaar of eienaars van sodanige infekteerde dier of diere onmiddelik skriftelike kennis gegee word oor die skut van die geïnfekteerde dier of diere, en die aksies onderneem om die aansteeklike siekte te beperk, waar die besonderhede van die eienaar of eienaars van sodanige infekteerde dier of diere bekend is aan of bepaal kan word deur die Skutmeester.

13. KENNISGEWINGS AAN EIENAARS OOR DIERE WAT GESKUT IS

- (1) Indien die Skutmeester bekend is met die besonderhede van die eienaar van `n dier of eienaarskap kan bepaal deur middel van identifikasiemerke of `n mikro skyfie aan `n dier wat geskut is, moet die Skutmeester sonder versuim skriftelike kennis aan sodanige eienaar gee, dat die betrokke dier geskut is.
- (2) Indien enige dier wat geskut word `n identifikasiemerke het, soos omskryf in die Wet op die Identifisering van Diere, 2002 (Wet No 6 van 2002), soos gewysig, moet die Skutmeester die prosedure volg vir die bevestiging van eienaarskap van `n dier, soos voorgeskryf in artikel 14 van die Regulasies op die Identifisering van Diere, soos gewysig, en afgekondig ingevolge GK R1683 gedateer 21 November 2003.
- (3) Waar die gegewens van die eienaar van `n geskutte dier nie aan die Skutmeester bekend is nie en / of nie bepaal kan word nie, moet die Skutmeester by ontvangs van sodanige dier by `n skut, die skut van die betrokke dier by die naaste kantoor van die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanmeld, en `n kennisgewing met betrekking tot die skut van die betrokke dier, op `n kennisgewingbord in die onmiddelike omgewing waar die dier gevang was, plaas.

14. VERSORGING VAN DIERE WAT GESKUT IS

Die Skutmeester–

- (a) is verantwoordelik vir die behoorlike versorging van alle diere wat geskut is;
- (b) moet verseker dat voldoende water en voedsel te alle tye vir alle diere aldus geskut, beskikbaar is;
- (c) is aanspreeklik teenoor die eienaars van die diere wat geskut is, vir enige besering aan sodanige diere of enige skade wat die betrokke eienaar mag berokken word, as gevolg van enige opsetlike of nalatige optrede of versuim van die Skutmeester, terwyl sodanige diere geskut is;
- (d) mag nie 'n dier wat geskut is, vir werk of enige ander doeleindes gebruik of toelaat dat dit vir werk of enige ander doeleinde gebruik word nie; en
- (e) moet te alle tye toesien dat manlike diere wat geskut is, afsonderlik van vroulike diere aangehou word.

15. DIERE WAT GESKUT WORD WAT VREK OF BESEER RAAK OF GESTEEL WORD

Indien 'n dier wat geskut is vrek of beseer of gesteel word, moet die Skutmeester–

- (a) die oorsaak van die vrekte of besering of die feit dat die dier gesteel is, in die skutregister bedoel in artikel 19 van hierdie verordening aanteken;
- (b) indien die besonderhede van die eienaar beskikbaar of bekombaar is, die eienaar verwittig van die dier wat aldus gevrek het of wat beseer of gesteel is; en
- (c) in die geval van die diefstal van 'n dier uit die skut, die diefstal by die naaste kantoor van die Suid Afrikaanse Polisie aanmeld.

16. VERORDENING TER INSAE

Die Skutmeester moet toesien dat 'n afskrif van hierdie verordening ten alle tye by 'n skut ter insae beskikbaar is.

17. FOOIE, TARIWE EN GELDE BETAALBAAR

- (1) Die Munisipaliteit sal jaarliks in terme van die Tariewe Verordening van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, fooie en tariewe vasstel vir die aanhou, vervoer en / of bewaring van diere in 'n skut, en mag verskillende fooie en tariewe hef vir verskillende soorte diere.

- (2) Die Skutmeester moet—
- (a) die vereiste fooie en tariewe wat jaarliks deur die Munisipaliteit vasgestel word, van die eienaar van 'n dier wat geskut is, verhaal; en
 - (b) die kostes vir dip, dosering, mediese behandeling, inenting of ander behandeling wat nodig geag word vir die behandeling van 'n siek of beseerde dier, of wat vereis word ingevolge die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No 35 van 1984), soos gewysig, van die eienaar van 'n dier wat geskut is, verhaal.

18. BETALINGS

- (1) Die fooie en tariewe wat ingevolge subartikel 17(1) van hierdie verordening vasgestel word, en alle ander kostes aangegaan, moet aan die Munisipaliteit deur die eienaars van die diere wat geskut is, betaal word, en die Munisipaliteit moet 'n kwitansie uitreik vir alle gelde aldus ontvang.
- (2) Die eienaar van 'n dier moet die Skutmeester van 'n geldige kwitansie voorsien, alvorens die Skutmeester 'n dier wat geskut is kan vrylaat.
- (3) Die diere wat geskut is, mag deur die Skutmeester gehou word as sekuriteit vir die betaling van die toepaslike skutfooie en-tariewe, en enige ander kostes deur die Munisipaliteit aangegaan verbandhoudend tot die skut van die diere, met dien verstande dat indien die waarde van die diere wat aldus geskut is, meer is as die totale bedrag wat verskuldig is, en indien die eienaar van 'n dier nie in staat is om die verskuldigde bedrag te betaal nie, mag die Skutmeester slegs daardie aantal diere terughou as betaling, as wat voldoende is om die totale verskuldigde bedrag te vereffen, en die res van die diere moet aan die betrokke eienaar terug besorg word.
- (4) 'n Skutmeester wat onwettig diere terughou na ontvangs van betalings vir die vrylating van diere, of meer diere terughou as betaling as wat redelik nodig mag wees om die verskuldigde bedrae soos bedoel in subartikels 18(1) en 18(3) van hierdie verordening te verhaal, is teenoor die eienaar en / of eienaars van die betrokke diere aanspreeklik vir enige skade gely, weens die weerhouding van die vrylating van die diere.
- (5) Die fooie, tariewe en / of gelde wat ingevolge hierdie verordening ontvang en of gevorder word, moet gedeponeer word as inkomste van die Munisipaliteit, ingevolge die voorskrifte en prosedures soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit.
- (6) Geen Skutmeester mag 'n dier wat geskut is in terme van die bepalings van hierdie verordening, loslaat nie tensy die voorgeskrewe fooie, tariewe en gelde betaal is nie.

19. VERPLIGTE SKUTREGISTER

- (1) Elke Skutmeester moet 'n skutregister byhou waarin die volgende besonderhede aangeteken word—
 - (a) die datum waarop en die rede waarom elke dier, geskut is;
 - (b) die getal en beskrywing van diere wat geskut is;
 - (c) die naam en adres van die persoon wat 'n dier geskut het, en die naam en adres van die eienaar of vermoedelike eienaar van 'n dier, indien dit aan die Skutmeester bekend is;
 - (d) die datum en besonderhede van die loslating en / of verkoping van diere;
 - (e) fooie, tariewe en gelde betaal in die gevalle waar diere vrygelaat was en die betrokke kwitansienommers van betalings; en,
 - (f) alle ander sake wat die Munisipaliteit bepaal het, wat aangeteken moet word.
- (2) Die inskrywings onder subartikel 19(1)(d), 19(1)(b) en 19(1)(c) van hierdie verordening moet gedoen word wanneer die diere geskut word, en die inskrywings onder subartikel 19(1)(d) en 19(1)(e) van hierdie verordening moet gedoen word in die skutregister, sodra die Skutmeester in besit kom van die nodige besonderhede, met dien verstande dat geen inskrywing gedoen mag word, indien 'n dispuut oor die skut van 'n dier ontstaan het nie.
- (3) In geval van die dood of diefstal of besering van 'n dier wat geskut is, moet die Skutmeester 'n beskrywing van sodanige dier en die oorsaak van die dood, besering of diefstal daarvan, in die skutregister aanteken.

20. INSAE IN SKUTREGISTER

Die skutregister van 'n skut moet by die betrokke skut of 'n ander aangewysde plek gehou word en moet op alle redelike tye kosteloos ter insae wees vir enige gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, enige veearts, enige vee-inspekteur, en enige lid van die Suid Afrikaanse Polisie of enige lid van die publiek.

21. VRYLATING VAN DIERE WAT GESKUT IS

- (1) Onderworpe aan die bepalinge van subartikel 21(2) van hierdie verordening moet die Skutmeester 'n dier wat geskut is, onmiddelik vrylaat en aan die eienaar 'n vrylatingsbewys voorsien, indien die eienaar—
 - (a) bewys van eienaarskap van sodanige dier kan verskaf; en

- (b) die fooie, tariewe en gelde soos beoog in artikel 17 van hierdie verordening betaal het en aan die Skutmeester 'n kwitansie van sodanige betaling voorsien.
- (2) Die Skutmeester moet aan die eienaar van 'n dier wat geskut is, waar die gegewens en adresbesonderhede van sodanige eienaar bekend is, 'n kosteberekening verskaf, wat moet aantoon–
- (a) die fooie, tariewe en gelde betaalbaar met betrekking tot die skut van 'n dier of diere, ingevolge hierdie verordening;
- (b) die bedrag van enige skade wat die eienaar van grond, waarop die betrokke dier of diere oortree het, gely het; en
- (c) alle beraamde kostes verbonde aan die advertering en die opveil van die betrokke dier of diere, soos toepaslik.
- (3) Indien 'n dier wat geskut is, 'n dier is wat 'n identifikasiemerk moet dra soos bedoel in die Wet op Identifikasie van Diere, 2002 (Wet No 6 van 2002), soos gewysig, en indien sodanige dier nie die vereiste merk dra nie, moet die Munisipaliteit die aangeleentheid by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aanmeld en moet die Munisipaliteit weier om sodanige dier vry te laat, indien die Suid-Afrikaanse Polisie diens die Munisipaliteit aldus skriftelik opdrag gee om die dier verder aan te hou.
- (4) Indien die eienaar van 'n dier wat geskut is nie die fooie, tariewe en gelde soos bedoel in artikel 17 van hierdie verordening kan betaal nie, mag die Skutmeester die vrylating van sodanige dier terughou, totdat die uitstaande fooie, tariewe en gelde verskuldig aan die Munisipaliteit betaal is of andersyds verhaal kan word.
- (5) Alle risiko's verbonde aan die eienaarskap van 'n dier, gaan oor na die persoon wat bewys van eienaarskap lewer, sodra die Skutmeester kan bevestig dat voldoende bewys van eienaarskap verskaf is.

22. VERKOPING VAN DIERE WAT GESKUT IS

- (1) Die Skutmeester moet–
- (a) wanneer enige dier wat geskut is, nie binne sewe (7) dae na betaling van die toepaslike fooie, tariewe en gelde, soos voorsien in subartikel 17(2)(a), subartikel 17(2)(b) en subartikel 21(2) van hierdie verordening, opgeëis word deur die eienaar daarvan nie, of in die geval waar sodanige dier se eienaar nie opgespoor kan word nie, by die Hof aansoek doen om sodanige dier te mag verkoop om kostes te verhaal; en
- (b) in die aansoek soos beoog in subartikel 22(1)(a) van hierdie verordening, bewys lewer aan die Hof dat 'n kosteberekening soos beoog in subartikel 21(2) van hierdie verordening, aan die eienaar van die dier gelewer was, in die geval waar die besonderhede van sodanige eienaar bekend was.

- (2) 'n Aansoek aan die Hof om 'n dier ingevolge hierdie verordening te verkoop, moet voldoen aan die prosedures soos vervat in Reël 55 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No 32 van 1944), soos gewysig, met dien verstande dat die betrokke aansoek *ex parte* gebring mag word, waar die Munisipaliteit kan bewys dat ondanks redelike pogings, die eienaar van die dier nie oopgespoor kan word nie.
- (3) Indien die Hof tevrede is dat daar aan die bepalings van die verordening met betrekking tot die skut van die betrokke diere voldoen is, kan die Hof gelas dat die betrokke dier of diere per veiling, soos voorsien in die verordening, verkoop word.
- (4) Die Hof moet, ongeag of die bedrae in die kosteberekening soos voorsien in subartikel 21(2) van die verordening, betwis word al dan nie—
- (a) onmiddelik die saak ondersoek;
 - (b) waar die gegewens van die eienaar van die betrokke dier of diere bekend is, ondersoek instel of die Skutmeester wel die betrokke eienaar van die dier en / of diere behoorlik kennis gegee het van die kostes verbonde aan die skut en vrylating van die dier en / of diere; en
 - (c) 'n bevel maak wat as billik en regverdig beskou word, wat sal insluit 'n bevel, aangaande:
 - (i) kostes; en
 - (ii) prosedures wat gevolg moet word deur die Skutmeester om die betrokke dier te verkoop.
- (5) By elke sodanige gemagtigde verkoping van diere wat geskut is—
- (a) mag geen dier te koop aangebied word nie tensy dit deur die Hof gelas is nie;
 - (b) moet alle diere, uitgesonder skape en bokke, stuksgewys verkoop word;
 - (c) moet skape en bokke in troppe van hoogstens tien (10) verkoop word en mag skape en bokke, of skape of bokke met verskillende identifikasiemerke, onder geen omstandighede saam in dieselfde trop verkoop word nie;
 - (d) moet diere vir kontant verkoop word;
 - (e) moet die totale opbrengs van die fooie, tariewe en kostes soos bedoel in artikel 17 van hierdie verordening, in die munisipale inkomstefonds gestort word, met dien verstande dat indien 'n dier teen 'n hoër prys verkoop word op 'n verkoping—
 - (i) as die skutfooie en -tariewe betaalbaar en kostes aangegaan vir die skut van 'n dier; en

- (ii) as enige skadevergoeding toegeken deur die Hof, ingevolge artikel 21(2) van hierdie verordening,

moet sodanige oorskot, binne dertig (30) dae na die verkoping, aan dieeienaar van die diere uitbetaal word, behalwe as die identiteit van die eienaar nie vasgestel kan word nie.

- (f) mag die Munisipaliteit 'n reserweprys vasstel vir enige dier wat te koop aangebied word; en
 - (g) mag die afslaer enige dier aan die verkoping onttrek, as die hoogste bod wat aangebied word, nie billik en redelik is nie, ongeag of 'n reserweprys deur die Munisipaliteit vasgestel is of nie.
- (6) Alle verkoping van diere wat geskut is moet–
- (a) behartig word deur die Skutmeester of 'n persoon wat behoorlik deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig is, en
 - (b) begin op 'n tyd en gehou word op 'n dag wat deur die Skutmeester vasgestel is ingevolge artikel 23(1)(a) van hierdie verordening.
- (7) Die Skutmeester of 'n munisipale beamppte of enige ander ander persoon aldus aangewys om 'n verkoping te behartig, of enige deelgenoot of enige medewerkers of 'n munisipale werknemer, of enige familielid van die betrokkenes voorvermeld, mag nie regstreeks of onregstreeks deur 'n ander persoon, belang hê by die koop van enige dier by 'n veiling soos voorsien in subartikel 22(6) van hierdie verordening.
- (8) Die eienaar van 'n dier bly aanspreeklik teenoor die Munisipaliteit vir enige koste, wat nie gedek word uit die verkoop van sodanige dier of diere nie.

23. KENNISGEWING VAN VERKOPING

- (1) Die Skutmeester moet–
- (a) wanneer magtiging deur 'n Hof verleen is vir die verkoping van 'n dier of diere wat geskut is, kennis gee dat sodanige dier op 'n openbare veiling verkoop sal word en die datum, tyd en plek van die verkoping bekend maak;
 - (b) in die kennisgewing besonderhede voorsien aangaande die spesie, ras, identifikasiemerke en onderskeidende kenmerke van sodanige dier of diere, wat verkoop moet word;
 - (c) sodanige kennisgewing aan die Munisipaliteit verskaf, en 'n afskrif daarvan op die amptelike munisipale kennisgewingbord en by of naby die skut vertoon tot die dag van die verkoping; en

(d) 'n kennisgewing dat 'n dier of diere verkoop gaan word, publiseer in 'n geregistreeerde nuusblad wat versprei word in die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit.

(2) Die koste van 'n kennisgewing soos bedoel in subartikel 23(1) van hierdie verordening, moet van die eienaar van die dier wat geskut word, verhaal word, en word geag om deel uit te maak van die kostes wat afgetrek moet word van die opbrengs van die verkoop van 'n dier.

24. DIERE WAT NIE VERKOOP KAN WORD NIE

(1) In die geval waar 'n dier nie verkoop kan word nie—

(a) moet die Skutmeester die Hof en die eienaar, indien die besonderhede van die eienaar aldus bekend is, in kennis stel van die situasie, en die geskatte waarde van die betrokke dier, asook die fooie, tariewe en kostes betaalbaar ten opsigte van die skut van die betrokke dier verskaf;

(b) mag die Hof op grond van die inligting verskaf, enige bevel maak wat as billik en regverdig beskou word om die situasie aan te spreek, insluitend die afmaak van sodanige dier.

(2) Indien 'n hond of kat of enige soortgelyke dier, wat nie normaalweg by 'n veiling verkoop kan word nie, nie binne sewe (7) dae nadat 'n kennisgewing ingevolge artikel 13 van hierdie verordening op die eienaar van sodanige dier bedien is dat die betrokke dier geskut is, of nie binne sewe (7) dae nadat 'n advertensie in 'n plaaslike nuusblad verskyn het oor die skut van die betrokke dier, in die geval waar die eienaar nie bekend of opgespoor kan word nie, deur die eienaar opgeëis word nie, kan sodanige dier afgemaak word en kan die kostes vir die versorging en afmaak van die betrokke dier van die eienaar van die dier verhaal word, indien bekend.

(3) Indien 'n dier wat normaalweg by 'n veiling aangebied word, nie verkoop word nie, kan die Munisipaliteit 'n verdere veiling reël op die voorgeskrewe wyse, met inbegrip van kennisgewing en advertering, of die Hof nader vir 'n bevel vir die afmaak van die betrokke dier op 'n menslike manier, ingevolge die bepalinge van Reël 55 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No 32 van 1944), soos gewysig, met dien verstande dat 'n aansoek *ex parte* gebring kan word, waar die Munisipaliteit kan bewys dat ondanks redelike pogings, die eienaar van die dier nie oopgespoor kan word nie.

25. VOORLEGGING VAN SKUTINSKRYWINGS NA VERKOPING VAN DIERE

Die Skutmeester moet binne veertien (14) dae na die datum van elke skutverkoop, 'n afskrif van alle skutregisterinskrywings aan die Munisipaliteit voorlê, wat aangeteken is sedert die datum van die vorige voorlegging van die skutregister aan die Munisipaliteit, en die Munisipaliteit moet al sodanige afskrifte van skutregisterinskrywings bewaar, en dit beskikbaar stel ter insae van enige persoon wat dit versoek.

26. INSAE IN SKUTREGISTER TYDENS VERKOPINGS

Wanneer 'n verkoping gehou gaan word van diere wat geskut is, moet die Skutmeester of 'n persoon wat gemagtig is om die verkoping waar te neem, die skutregister beskikbaar stel by die plek van verkoping, en sodanige register moet by die plek van verkoping kosteloos ter insae wees van alle persone wat dit versoek.

27. REËLINGS VIR DIENSLEWERING

- (1) Ten einde optimale dienslewering ingevolge hierdie verordening te verseker, kan die Munisipaliteit diensooreenkomste aangaan met ander munisipaliteite of enige ander instelling, en kan ander munisipaliteite of ander instellings per ooreenkoms, diere na 'n skut of soortgelyke fasiliteit van die Munisipaliteit van Theewaterskloof afvoer.
- (2) Die fooie en tariewe betaalbaar vir dienste gelewer, soos voorsien in subartikel 27(1) van hierdie verordening vir die skut van diere, sal deur die betrokke diensleweringooreenkoms bepaal word.

28. VRYWARING

Die Munisipaliteit, die Skutmeester en enige gemagtigde beampte, sal nie aanspreeklik wees vir die dood of diefstal van of besering aan enige dier, as gevolg van die aanhouding, vervoer, skut of vrylating daarvan gedurende of as gevolg van die skutproses nie.

29. STRAFBEPALINGS

'n Persoon wat—

- (a) 'n dier wat wettig aangehou word vir veilige bewaring of met die doel om dit te skut of wat wettig geskut is, vrylaat;
- (b) onwettig 'n dier vang met die doel om dit te skut;
- (c) onwettig 'n dier skut;
- (d) met die Skutmeester in die uitvoering van sy of haar pligte inmeng;
- (e) enige dier toelaat om vanaf sy of haar eiendom op 'n openbare pad of munisipale straat of padreserwe of steeg te gaan;
- (f) enige dier toelaat om ongemagtig op of in 'n openbare plek rond te loop of te wei;

- (g) wat hekke oopmaak, drade knip of enige handeling uitvoer om diere moedswillig vry te laat;
- (h) enige instruksie uitgereik deur 'n gemagtigde beampte of aangebring op 'n kennisgewingbord verontagsaam; of
- (i) enige bepaling van hierdie verordening oortree, of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening,

is skuldig aan 'n oortreding en mag by skuldigbevinding—

- (i) 'n boete of gevangenisstraf, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf opgelê word;
- (ii) in geval van 'n voortdurende oortreding, 'n bykomende boete of bykomende termyn gevangenisstraf of tot sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot beide sodanige boete en gevangenisstraf, vir elke dag wat sodanige oortreding voortduur, opgelê word; en
- (iii) 'n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige kostes en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

30. MISHANDELING VAN DIERE

Niemand mag 'n dier wat gevind word waar dit oortree, buitensporig vinnig aanjaag of dit onnodig pla of mishandel nie.

31. APPÈLLE

'n Persoon wie verontreg voel oor 'n besluit geneem deur die Munisipaliteit, ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, Munisipale Stelselwet, teen sodanige besluit appèlleer, deur binne een-en-twintig (21) dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit, skriftelik kennis aan die Munisipale Bestuurder te gee van die appèl, en redes vir die appèl te verstrek.

32. TEENSTRYDIGHEDE MET ANDER WETGEWING

In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie verordening, en nasionale en provinsiale wetgewing of regulasies, sal sodanige nasionale en provinsiale wetgewing of regulasies voorrang geniet.

33. BEDIENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE

- (1) 'n Kennisgewing, bevel, aanskrywing, of ander dokument, wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees, indien 'n beampte wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.
- (2) Wanneer dit nodig is om enige gemagtigde kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument te bedien op 'n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees—
 - (a) wanneer dit persoonlik aan die persoon afgelewer is;
 - (b) wanneer dit by die persoon se plek van inwoning of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelaat is, by 'n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;
 - (c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan die persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van Suid-Afrika, en 'n erkenning van die versending verskaf word;
 - (d) indien die persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan die persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika bedien is op so 'n manier, soos in subartikels 33(1)(a), 33(1)(b) of 33(1)(c) van hierdie verordening bepaal;
 - (e) indien die persoon se adres en agent in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het; of
 - (f) in die geval van 'n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer is.
- (3) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument aan 'n persoon ingevolge hierdie verordening bedien moet word, is dit nie nodig om dit by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as die persoon daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.
- (4) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking vereis, moet behoorlik deur die Munisipaliteit onderteken wees.

34. HERROEPING VAN VERORDENINGE

- (1) Die bepalings van enige ander verordeninge voorheen uitgevaardig deur die Munisipaliteit, of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, word hierby herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.
- (2) Die volgende verordening van die Munisipaliteit van Theewaterskloof word spesifiek hiermee herroep—

Datum gepubliseer	Naam van verordening	In die geheel of gedeeltelik
PK 6234 gedateer 8 Maart 2005	Verordening insake die skut van diere	In die geheel

35. BYLAES 1 EN 2 VORM DEEL VAN DIE VERORDENING

Bylaes 1 en 2 tot hierdie verordening, word vir alle praktiese doeleindes geag om deel van die verordening te wees.

36. KORT TITEL

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake die Skut van Diere van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

37. INWERKINGTREDING

Hierdie verordening tree op datum van publikasie daarvan in werking.

BYLAE 1**Kode van Goeie Praktyk insake die Hantering, Vervoer en Versorging van Diere wat Geskut word****DEEL I: Kraalvereistes**

1. Vir doeleindes van hierdie bylae het kraal, kamp en hok dieselfde betekenis, en is enige verwysing na 'n kraal ook 'n verwysing na 'n kamp of 'n hok of 'n soortgelyke struktuur waarin 'n dier bewaar kan word.
2. Verskillende spesies diere moet in afsonderlike krale gehou word.
3. Diere mag nie in oorvol krale opeengehoop word nie en die ruimte moet voldoende wees sodat alle diere gelyktydig kan lê en daar mag nie minder as een-punt-vyf (1.5) vierkante meter beskikbare grondruimte per dier wees nie.
4. Opstandige diere mag nie saam met ander diere aangehou word nie.
5. Jong, gespeende of jeugdige diere mag nie saam met volwasse diere in dieselfde kraal aangehou word nie, met uitsondering van 'n vroulike dier en haar kleintjies.
6. Voorsiening moet in krale gemaak word vir–
 - (a) geriewe soos rakke, voerbakke of ander geskikte houers wat maklik skoonmaak, wat die voer van diere van die grond af moontlik maak en wat gediens kan word sonder om diere te steur;
 - (b) watertroë wat 'n voldoende, geskikte voorraad vars water te alle tye voorsien;
 - (c) voldoende geriewe vir die behoorlike skoonmaak van krale; en
 - (d) geriewe vir die veilige hantering van diere.
7. (a) Krale moet te alle tye in 'n goeie, skoon en werkende toestand gehou word.
- (b) Skerp punte van drade, gebreekte planke, happerige punte, en skarniere of boutte wat uitsteek, wat beserings aan diere kan veroorsaak moet verwyder of na behore bedek word.
8. Die vloer van elke kraal, insluitend die op-en-aflaai vragwal, toevoerbane en drukgange van die laaifasiliteit by 'n skut, moet voorsien word met oppervlaktes wat glipvry is en wat effektief en behoorlik skoongemaak kan word, sodat dit geskik sal wees vir die aanhou en / of hantering van diere.

DEEL II: Hantering van diere

9. Diere moet te alle tye menslik, met geduld en verdraagsaamheid behandel word.
10. Die volgende moet in gedagte gehou word tydens die hantering van diere—
 - (a) diere reageer beter wanneer hul aanjaer agter hulle staan, maar binne hul gesigsveld.
 - (b) diere in 'n trop reageer beter wanneer hulle in 'n trop aangejaag word in plaas van een een.
11. Diere mag nie aan hul bene gesleep, of aan hul koppe, ore of sterte gedra word nie.
12. Jong kalfies moet opgelig word by die bors en agterkwart en gedra word indien hulle nie self met gemak kan loop nie. As alternatief moet hulle gerig word deur een hand op 'n agterkwart en die ander hand naby die skof of nek te plaas, en deur saam te stap in die vereiste rigting, teen 'n geskikte en gemaklike pas, gestuur word.
13. Slegs stokke met seildoek oorgetrek of dryfbande mag gebruik word tydens die aanjaag van diere, en dit is verkieslik om op die grond agter die dier te slaan, as op die dier self.
14. Elektriese aanporders, stokke of sambokke mag nie op jong diere gebruik word nie.
15. Elektriese aanporders mag nie oormatig of onnodig gebruik word nie, en mag glad nie op die gesig of anus of geslagsdele van diere gebruik word nie.

DEEL III: Verskuiwing van diere

16. Diere wat aangejaag word, moet te alle tye onder behoorlike en bekwame toesig wees.
17. Diere moet op 'n kalm manier teen 'n pas wat ontspanne, gemaklik, en natuurlik vir sodanige dier sal wees, aangejaag word, wat nie vinniger mag wees, as die pas van die stadigste dier in die trop nie.
18. Diere mag nie vir langer as tien (10) uur aaneen aangejaag word, sonder 'n rustyd van minstens een (1) uur nie. Genoegsame en geskikte vars water moet aan al die diere voorsien word, gedurende die proses van aanjaag.
19. Geen dier mag vir afstande langer as die volgende afstande aangejaag word nie—
 - (a) Gedurende 'n reis wat nie langer as een (1) dag duur nie—
 - (i) 20 km vir skape en bokke; en
 - (ii) 30 km vir beeste;

- (b) Gedurende 'n reis wat meer as een (1) dag duur–
 - (i) twintig (20) km gedurende die eerste dag, en vyftien (15) km vir elke daaropvolgende dag, vir skape en bokke; en
 - (ii) vyf-en-twintig (25) km gedurende die eerste dag, en twintig (20) km vir elke daaropvolgende dag vir beeste;
- 20. Sodra diere hul oornag kamp bereik, moet hulle onmiddellik voer en water kry, welke voer voldoende en geskik moet wees vir elke betrokke spesie.
- 21. Diere mag nie na donker aangejaag word nie.
- 22. Geen dier wat siek, beseer of vermink is, mag aangejaag word nie.

DEEL IV: Voertuie gebruik tydens die vervoer van diere

- 23. Voertuie en alle sleepwaens wat vir die vervoer van gehoeftede diere gebruik word, moet geskik wees vir sodanige diere en in 'n padwaardige toestand wees.
- 24. Alle voertuie en sleepwaens in paragraaf 23 genoem moet–
 - (a) 'n geskikte glipvrye vloerbedekking hê, wat nie die skoonmaak van die voertuie se vloer sal belemmer nie, en wat bevestig mag wees met verwyderbare heglatte of staal roosters, of heglatte of staalroosters wat kan skanier;
 - (b) voldoende lug en lig deurlaat, terwyl dit in beweging of stilstaande is, terwyl geen voertuig geheel en al toegemaak mag wees nie.
 - (c) voldoende beskerming teen uitlaatgasse hê, aangesien blootstelling aan uitlaatgasse diere se asemhaling kan belemmer en angs kan veroorsaak;
 - (d) sywande hê wat hoog genoeg is, om te voorkom dat diere ontsnap of uit die voertuig val, met dien verstande dat die sywande en / of afskortings -
 - (i) wanneer in gebruik op 'n voertuig om diere van mekaar te skei, van sodanige hoogte moet wees, dat die afskorting nie laer as die skouer van die grootste dier wat vervoer word, sal wees nie;
 - (ii) in die geval van beeste, maar uitgesonderd kalwers, 'n minimum hoogte van eenduisend agthonderd (1800) millimeter moet wees; en
 - (iii) in die geval van kleiner diere, 'n minimum hoogte van sewehonderd-en-vyftig (750) millimeter moet wees.
 - (e) in die geval van multi-dek voertuie, moet die hoogtes tussen dekke voldoende wees, ten einde die grootste diere in staat te stel om natuurlik vry en ten volle regop te staan, en moet voldoende ruimte toegelaat word bokant die diere vir lug om vrylik te vloei. In die geval van skape en varke, mag die vryhoogte nie minder as eenduisend (1000) millimeter wees nie.

- (f) soliede ondeurdringbare vloere hê;
 - (g) op en aflaaï openinge aan die agterkant van die voertuig hê, wat oor die volle wydte van die voertuig strek of indien dit aan die kante van die voertuig is, moet dit 'n opening hê, van nie minder as tweeduisend vierhonderd (2400) millimeter nie;
 - (h) hekke hê, met of sonder afskortings, wat -
 - (i) van sodanige ontwerp en konstruksie is, dat dit sterk genoeg is en geskik is vir die beoogde vervoer van die betrokke diere; en
 - (ii) wat goed beveilig is, en vrylik kan oop en toemaak.
25. Die aantal diere wat saam geplaas is in enige ruimte vir doeleindes van die transport van sodanige diere moet sodanige beperk word, dat die veiligheid en gerief van die diere gedurende die vervoer daarvan verseker word en die voorgestelde vloerruimte per dier sal wees -
- (a) een-punt-vier (1.4) vierkante meter oppervlakte per groot dier; en
 - (b) nul-punt-vyf (0.5) vierkante meter oppervlakte per klein dier wees.

DEEL V: Verskaffing van voer en water aan diere voor die oplaai daarvan

26. Diere moet voorsien word van voldoende en geskikte voeding en vars water, totdat hulle afgevoer word per voertuig.

DEEL VI: Op-en-aflaaï prosedures

27. Die op- en aflaaï van diere, op en vanaf voertuie, moet so stil en kalm moontlik geskied, en moet met die nodige geduld en verdraagsaamheid plaasvind, sonder die onnodige teistering, verskrikking, verkneusing en besering van diere, of onnodige lyding of spanning.
28. Geen dier mag aan sy kop, wol, vel, ore, stert, horings of bene op- of afgelaai word nie.
29. Geen dier mag op enige ander wyse as die volgende, op- of afgelaai word nie—
- (a) By wyse van 'n glipvry oppervlakte, wat sterk genoeg is om die gewig van die spesie dier wat hanteer word te ondersteun, en wat met voldoende sypanele of traliewerk toegerus is, wat die ontsnapping of afval van diere vanaf die loopplank sal voorkom. Sodanige loopplank mag nie 'n helling van meer as vyf-en-twintig (25) grade hê nie; of
 - (b) By wyse van 'n laaiwal wat op dieselfde hoogte is as die vloer van die voertuig, of wanneer die afgelaai van diere plaasvind, nie meer as driehonderd-en-tien (310) millimeter onder die vloer van die aflaaï voertuig is nie en met 'n helling van nie meer as vyf-en-twintig (25) grade nie.

30. Indien 'n voertuig toegerus is met 'n eie verwyderbare laaibrug, moet dit 'n glipvrye oppervlakte hê, en moet dit van voldoende lengte wees sodat, wanneer dit laat sak is, die helling daarvan nie meer as vyf-en-twintig (25) grade sal wees nie, met die afstand tussen die grond en die haak van die laaibrug nie meer as eenhonderd-en-tien (310) millimeter nie.
31. 'n Laaibrug se hoogte moet elke keer aangepas word, om presies met die voertuig se vloerhoogte ooreen te stem.
32. Die reis vir die afvoer van diere, moet so gou moontlik begin nadat die diere opgelaai is en diere moet onmiddellik afgelaai word, wanneer die bestemming bereik word.
33. Tensy voldoende voorsiening gemaak is vir die effektiewe skeiding van verskillende spesies diere, mag sodanig verskillende spesies diere nie in dieselfde voertuig gelaai en vervoer word nie.
34. Diere van verskillende ouderdom, grootte en geslag mag nie saam gelaai en vervoer word nie, tensy voldoende voorsiening gemaak is vir die effektiewe skeiding van sodanige diere.
35. Volwasse beeste met horings, mag nie saam met poenskopbeeste vervoer word nie en hulle moet altyd afsonderlik gehok word.
36. Indien daar voldoende rede bestaan om te glo dat 'n dier tydens 'n voorgenome reis geboorte mag skenk, mag sodanige dier nie gelaai word vir vervoer daarvan nie.
37. Ingeval 'n dier wel tydens 'n reis geboorte skenk, moet die nodige voorsorg getref word om die ma en kroos te beskerm teen vertrapping of besering of teistering deur ander diere.
38. Ingeval die—
 - (a) transport voertuig onklaar raak;
 - (b) transport voertuig in 'n ongeluk of botsing betrokke raak; of
 - (c) 'n dier of diere in transito beseer raak of vrek, moet die karweier onmiddellik die besonderhede rapporteer aan, of hulp vra van -
 - (i) in die geval van paragraaf (a), 'n insleepdiens;
 - (ii) in die geval van paragraaf (b), die Suid-Afrikaanse Polisie Diens en / of die betrokke verkeersowerheid; of
 - (iii) in die geval van paragraaf (c), 'n veearts.
39. Indien die vervoer van enige dier, 'n besering aan die dier self of ander diere kan veroorsaak, moet dit op so 'n manier onder bedwang gehou word, dat sodanige besering voorkom kan word.

40. Geen dier mag vir meer as vier (4) uur in enige vier en twintig (24) uur tydperk onder bedwang gehou word nie.
41. Geen draad of baaltou mag gebruik word om diere se bene of voete mee vas te bind nie.
42. Ten einde verwurging of nekbreke by diere te voorkom, mag geen dier met 'n skuifknoop aan hul horings of nek aan 'n voertuig vasgemaak word nie. Die tou wat gebruik word om 'n dier onder bedwang te hou, moet op die dier se kniehoogte aan die voertuig vasgemaak word, sodat ingeval die dier sou val, die risiko dat die dier beseer sou raak of sou sterf, verminder word. Die tou aldus gebruik, moet lank genoeg wees, ten einde 'n dier toe te laat om gemaklik in 'n natuurlike posisie te lê, met die kop regop.

BYLAE 2
Skutregister Inligting

'n Skutregister moet ten minste die volgende inligting bevat -

- (a) Naam van die skut.
- (b) Die datum waarop 'n dier ontvang is.
- (c) Die getal en beskrywing van diere wat geskut word.
- (d) Merke of brandmerke op diere.
- (e) Die ooretiketnommer wat deur die Skutmeester aan elke dier wat geskut word, toegeken word.
- (f) Naam en adres van persoon wat die dier gevang het.
- (g) Naam en adres van die eienaar van grond waarop die dier gevang is.
- (h) Naam en adres van die eienaar van 'n dier wat geskut is.
- (i) Rede waarom die dier geslut is.
- (j) Adres of beskrywing van plek waar die dier gevind is.
- (k) Afstand tussen die plek waar die dier gevang is en die skut.
- (l) Besonderhede van skade deur die dier aangerig.
- (m) Vervoerkoste betaalbaar.
- (n) Besonderhede van die uitsit of wegdoening van 'n dier.
- (o) Oorsaak van dood, diefstal of besering van 'n dier wat geskut is.
- (p) Beskrywing en bedrag van skutgelde betaalbaar.
- (q) Skadevergoeding toegestaan deur die Hof.
- (r) Datum van vrylating van 'n dier.
- (s) Datum van verkoop van 'n dier.
- (t) Opbrengs vir die verkoop van 'n dier.
- (u) Naam en adres van die koper van 'n dier.
- (v) Oorskotbedrag van die opbrengs met verkoping van 'n dier, indien enige, wat aan die eienaar van 'n dier betaal moet word.